

**BYLAE 6.13**  
**VOORBEELD VAN 'N BEDIENINGSOOREENKOMS**

'n Bedieningsooreenkoms kan soos volg lyk:

BEDIENINGSOOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ..... EN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK .....

1. Die kerkrade van bogemelde kerke kom ooreen dat die predi-kant van die AP Kerk ..... onder sekere voorwaardes sekere dienste sal lewer aan die AP Kerk .....

Die voorwaardes en dienste word hieronder beskryf.

2. Die predikant sal in die AP Kerk ..... die volgende dienste lewer:

### **2.1 Eredienste**

Meld die frekwensie, bv. 1 oggenddiens per maand, of 2 per maand.

### **2.2 Nagmaal**

Meld hoeveel keer per jaar en selfs die hoeveelste Sondag in watter maande van die jaar.

### **2.3 Bevestiging van ampsdraers**

Bv. bevestiging sal alleen geskied op die Sondae waarop die predi-kant volgens hierdie ooreenkoms in hierdie gemeente 'n erediens kom hou.

### **2.4 Kerkraadsvergaderings**

Meld of predikant dit moet bywoon, en indien wel, hoe dikwels. Dieselfde geld ten opsigte van ouderlingeraadsvergaderings en diakonale vergaderings.

### **2.5 Doop**

Reëling soos by 2.3 hierbo.

### **2.6 Huisbesoek**

Meld hoeveel dae per maand hieraan bestee sal word.

### **2.7 Siekebesoek**

Meld dat siekebesoek op die beurtdae soos in 2.6 beskryf, sal geskied. Meld wat die reëling sal wees in baie dringende gevalle, bv. of dit mag, en of daar ekstra vergoeding aan verbonde sal wees.

## **2.8 Begrafnisse en troues**

Reël die saak.

## **2.9 Ander take**

Ander ooreengekome take kan verder uitgestippel word.

## **3. JURISDIKSIE**

Dit word duidelik verstaan dat die predikant slegs onder die juris-diksie van die Kerkraad van die gemeente waarheen hy die beroep aanvaar het, val. Hy is die predikant van daardie gemeente en lewer slegs ooreengekome hulp aan die ander gemeente. Slegs sy eie kerkraad kan hom na meerdere vergaderings afvaardig.

## **4. VERSLAG**

Die predikant sal ..... keer per jaar op 'n kerkraadsvergadering van die AP Kerk ..... (die kerk waarin hy bedieningshulp lewer) verslag doen oor sy werk.

## **5. FINANSIËLE VERPLIGTING**

Die AP Kerk ..... (die kerk waarin die predikant bedieningshulp lewer), onderneem om die volgende finansiële bydrae per maand aan die AP Kerk ..... (die kerk wat hul predikant "uitleen") te maak:

OF:

'n Vaste bedrag soos ooreengekom: R .....

OF:

..... % van die traktement

..... % van die reiskoste

OF:

R ..... per Sondag waarop predikant 'n erediens kom hou.

R ..... per dag wanneer predikant hier diens lewer (insluitend huisbesoek, siekebesoek, vergaderings).

(Hierdie laaste opsie sal behels dat geen bydrae gemaak word ten opsigte van die weke wanneer die predikant met verlof is nie.)